basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Jy moet 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.

1.1 Dit was 'n goeie jaar **[50]**

1.2 Die belangrikste mense in my lewe **[50]**

1.3 Dit help om te praat **[50]**


1.4 Het jy regtig 'n matrieksertifikaat nodig om iewers te kom? **[50]**

1.5 Jongmense weet nie hoe om met geld te werk nie **[50]**

Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel oor 'n onderwerp waaraan jy kan dink. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en gee jou opstel 'n geskikte titel.


**LET WEL:** Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.6



[Bron: google images] **[50]**

1.7




[Bron: chogger.com] **[50]**

1.8



[Bron: www.amazon.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy het geld nodig vir ekstra klasse om vir hierdie eksamen voor te berei. Skryf vir jou ouma 'n brief en vra haar om vir hierdie klasse te betaal.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou ouma. **[30]**

2.2 **E-POS**

Jy en jou vriende wil aan die einde van die jaar gaan vakansie hou. Hulle het vir jou gevra om al die nodige inligting te kry oor die hotel waar julle wil gaan bly.

Skryf 'n E-POS aan die bestuurder van die hotel. **[30]**

2.3 **AGENDA EN NOTULE**

Die Sokkerkomitee hou 'n vergadering om die sokkerspan se toer na Lesotho te bespreek.

Gebruik die agenda hieronder en skryf die NOTULE van hierdie vergadering.

Agenda van die Sokkerkomitee se vergadering wat op 16 Mei 2025 om 16:00 in die Klubhuis plaasvind.

1. Opening en verwelkoming
2. Bywoning en verskonings
3. Notule van vorige vergadering
4. Sake uit die vorige notule
5. Nuwe sake
   5.1 Toerplan
   5.2 Finansies
   5.3 Etes en verblyf
   5.4 Klere en toerusting
6. Algemeen
7. Datum van volgende vergadering
8. Afsluiting

**[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Die jongmense in jou dorp kom een keer elke maand bymekaar om oor positiewe dinge te gesels. By die volgende ontmoeting wil jy vir hulle vertel waarom dit belangrik is om goeie vriende te kies.

Skryf jou INFORMELE TOESPRAAK. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jy het 'n dansklub begin. Jy wil hê mense moet by die klub aansluit. Daarom wil jy die klub adverteer.

Ontwerp die ADVERTENSIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het jou uitslae van hierdie eksamen gekry.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die aand vóór jy jou uitslae gekry het
- Die aand nadat jy jou uitslae gekry het **[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jy het 'n nuwe maat wat nog nie weet waar die winkelsentrum op die dorp is nie.

Gee vir jou maat duidelike rigtingaanwysings vanaf die hoërskool tot by die winkelsentrum. Noem 'n paar straatname en bakens.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou